



TYLLANEX 80 WG

Reg. No L8135 Act / Wet No. 36/1947

A water dispersible granule pre-emergence herbicide for the control of a variety of annual broadleaf weeds and certain grasses in apples, citrus, maize and vines, as well as for industrial use on non-crop areas and industrial sites in combination with Simanex 90 WG

'n Benatbare korrel vooropkom onkruidodder vir die beheer van 'n verskeidenheid breëblaaronkruid en sommige grasse in appels, sitrus, mielies en wingerde, asook vir industriële gebruik in onbeboude en industriële gebiede in kombinasie met Simanex 90 WG

HRAC GROUP CODE HERBICIDE

C 1

HRAC GROEPKODE ONKRUIDDODER

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

Terbuthylazine (triazine)

800 g / kg

Terbutilasien (triasien)

NET MASS / NETTO MASSA

..... kg

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER

MAKHTESHIM-AGAN SA (PTY) LTD

Reg no 1992/001741/07

21 Viben Street

BRACKENFELL

7561

Tel (021) 982 1460

Fax (021) 982 5810

Batch number

.....

Lotnommer

Date of Manufacture

.....

Datum van Vervaardiging



**CAUTION
VERSIGTIG**



**TYLLANEX 80 WG is the registered trademark of Makhteshim-Agan Israel.
TYLLANEX 80 WG die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan, Israel**

WARNINGS:

- Poisonous if swallowed
- Store in a cool place away from food, feeds, seed and other agricultural products.
- Store out of reach of children, uninformed persons and animals

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS:

- Avoid inhalation of spray mist.
- Wear eye protection and gloves when handling the concentrate
- Wash yourself as well as contaminated clothing with soap and water after use.
- Do not eat, drink or smoke during mixing or application of the product, or before washing hands and face.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean application equipment after use. Rinse water should not be allowed to contaminate crops, grazing, rivers or dams.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

RESISTANCE WARNING

For resistance management **TYLLANEX 80 WG** is a group C1 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **TYLLANEX 80 WG** and other group code C1 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. The resistant weeds may not be controlled by **TYLLANEX 80 WG** or any other group code C1 herbicide. To delay herbicide resistance:

1. Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with products from different herbicide group codes.
2. For tank mixing or alternation with products in other herbicide group codes, refer to applicable product labels.
3. Integrate control methods (chemical, cultural and biological) into disease control programs.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

USE RESTRICTIONS:

- Do not apply **TYLLANEX 80 WG** on stone fruit or pears
- Do not apply **TYLLANEX 80 WG** on apples, grapevines or citrus within one year of planting out. Avoid application to young implants in established vineyards and orchards.

- Do not apply **TYLLANEX 80 WG** on apples, grapevines or citrus that are suffering from trace element deficiencies or growing on brack soils.
- **DO NOT APPLY TYLLANEX 80 WG TO ALKALINE SOILS OR SOILS THAT ARE SUSCEPTIBLE TO WATER LOGGING.**
- **TYLLANEX 80 WG** has a relatively long persistence in the soil. Susceptible crops such as vegetables, legumes and winter cereals should not be planted in soils less than 18 months after an application of **TYLLANEX 80 WG**.
- If **TYLLANEX 80 WG** is used in a mixture with GLYPHOGAN or SIMANEX 90 WG or any other herbicide, the use restrictions of the other herbicide must be observed.

DIRECTIONS FOR USE: Use only as directed

COMPATIBILITY:

TYLLANEX 80 WG is compatible with GLYPHOGAN 360 SL (Reg. No. L5393) and SIMANEX 90 WG (Reg no. L6793). The compatibility of **TYLLANEX 80 WG** with other products, however, can be affected by the formulation of the specific product as well as the water quality. Considering that formulations of other products can change without the knowledge of the registration holder and that water quality can differ from farm to farm, the registration holder cannot accept any responsibility for the compatibility of **TYLLANEX 500 SC** with other products. It is therefore recommended that a compatibility test be done before application.

WEEDS CONTROLLED:

The following weeds are normally controlled by **TYLLANEX 80 WG** at the application rates and under the application conditions indicated below.

BROADLEAF WEEDS:

<i>Amaranthus hybridus</i>	Common pigweed
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Red pigweed
<i>Bidens bipinnata</i>	Spanish blackjack
<i>Bidens pilosa</i>	Blackjack
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Chenopodium carinatum</i>	Green goosefoot
<i>Conyza albida</i>	Tall fleabane
<i>Galingsoga parviflora</i>	Gallant soldier
<i>Gisekia pharnaceoides</i>	Gisekia
<i>Medicago polymorpha</i>	Bur clover
<i>Oenothera stricta</i>	Evening primrose
<i>Oxalis pes-caprae</i>	Yellow sorrel
<i>Portulaca oleracea</i>	Purslane
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish
<i>Schkuhria pinnata</i>	Dwarf marigold
<i>Stellaria media</i>	Chickweed
<i>Tagetes minuta</i>	Khaki weed

GRASS WEEDS:

<i>Bromus catharticus</i>	Rescue grass
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Crab finger-grass
<i>Lolium temulentum</i>	Darnel (ryegrass)

TYLLANEX 80 WG does not control established weeds or weeds that reproduce by underground vegetative organs such as stolons or rhizomes.

The level of control and length of soil persistence depends on weed species, weed size, conditions at and after time of application, rainfall and soil organic matter content. Heavy rainfall or irrigation on light soils will reduce the length of residual control of **TYLLANEX 80 WG**.

MIXING INSTRUCTIONS:

- Half fill the spray tank with water and begin agitation.
- Mix the required amount of **TYLLANEX 80 WG** separately in water and add to the tank through a 50 mesh sieve.
- Top up tank with water until the required volume is reached.
- Ensure that the mixture is agitated continuously while filling the tank.
- When **TYLLANEX 80 WG** is used in a tank mixture with GLYPHOGAN, the **TYLLANEX 80 WG** should be added to the spray tank last.
- Ensure that the mixture is agitated continuously during filling and application.

APPLICATION:

TYLLANEX 80 WG can be applied with any medium or high volume spray applicator that is correctly calibrated and has efficient agitation. Care must be taken to ensure even application of the herbicide onto the target area which should consist of a firm, fine, level seedbed without excessive plant rests . Best results are usually obtained by use of flat fan nozzles and in a spray volume of at least 200 l/ha.

TYLLANEX 80 WG is mainly taken up by the roots of weed seedlings and has little or no effect on established weeds. Where weeds have already emerged, they should be controlled by cultivation or by application of a suitable post-emergence herbicide. Where weeds are still relatively small or where the weed stand is sparse **TYLLANEX 80 WG** can be applied in a tank mixture with the post-emergence herbicide (provided they are compatible) to reduce application costs. Where the weed stand is dense, the **TYLLANEX 80 WG** may be prevented from penetrating to the soil surface and so these weeds should be controlled by an application of a post-emergence herbicide prior to the **TYLLANEX 80 WG** application.

A. CROPS: Apples, Citrus, Grapevines, and Hops

APPLICATION RATES

CROP	TYLLANEX 80 WG (kg/ha)	APPLICATION TIMING
Dryland and irrigated bush vines	2.20 kg	Before budburst
Irrigated trellised vines	2.20 kg	Early spring
Apples	2.20 kg	During spring
Citrus	2.20 kg	During spring
Hops (young plantings)	1.25 kg	Pre-emergence of hops and weeds
Hops (established)	2.50 kg	Pre-emergence of hops and weeds

Where only band applications to the row are being made, the amount of **TYLLANEX 80 WG** applied per ha should be reduced accordingly.

Maize: Post-emergence:

TYLLANEX 80 WG can be used as a post-emergent application of maize and broad leaf weeds as a follow up on pre-emergence application of ACETOGAN PLUS or ALANEX 480 CS. The broad leaf weeds should be in the 2-4 leaf stage at application. Ensure thorough coverage of the weeds present and if necessary use drop arms if maize plants will screen of the spray mixture.

It is recommended that **TYLLANEX 80 WG** is used in combination with other herbicides such as 2,4-D or MCPA at reduced rates from 250 ml to 500 ml/ ha.

Apply **TYLLANEX 80 WG** at 1,25 kg/ha on all soil types.

Waiting period for follow on crops if the recommended rate is not exceeded:

1. Maize and Grain sorghum – None
2. Cereals, ground nuts, potatoes, soya beans and sunflower – 9 months.
3. All other crops – 18 months.

TYLLANEX 80 WG can be mixed with SIMANEX 90 WG in apples, citrus and grapevines to improve the residual effect on grass weeds. Do not use **TYLLANEX 80 WG** in combination with SIMANEX 90 WG on hops. Use an application rate of 1.7 kg/ha **TYLLANEX 80 WG** plus 1.1 kg/ha SIMANEX 90 WG on soils with less than 15% clay and 1.7 kg/ha **TYLLANEX 80 WG** plus 1.7 kg/ha SIMANEX 90 WG on soils with a clay content of more than 15%.

B. INDUSTRIAL USE IN COMBINATION WITH SIMANEX 90 WG

TYLLANEX 80 WG can be used in combination with SIMANEX 90 WG and GLYPHOGAN 360 SL on industrial sites for long lasting control of weeds.

The combination of **TYLLANEX 80 WG** and SIMANEX 90 WG should be applied pre-emergence of weeds on a weed-free seedbed, however, should established weeds be present at the time of application an appropriate herbicide such as GLYPHOGAN 360 SL can be used either before, after or in combination with the **TYLLANEX 80 WG** / SIMANEX 90 WG mixture. Consult the label of the product used to establish the dosage rate.

Application can be done by means of knapsack sprayers, tractor operated boom sprayers or by hand held spray guns. The applicator must be calibrated correctly and must be able to distribute the spray mixture evenly over the target area. A minimum of 200 l spray mixture per ha should be applied.

APPLICATION RATES: INDUSTRIAL SITES AND NON-CROP AREAS

CLAY %	DOSAGE RATE (kg/ha)	REMARKS
	Summer rainfall areas	
5-20	Tyllanex 80 WG 5.0 – 6.25 kg Simanex 90 WG 4.4 – 5.6 kg	In areas of high rainfall (exceeding 800mm) the higher dosage should be used.
21-30	Tyllanex 80 WG 6.25 – 7.8 kg Simanex 90 WG 5.6 – 6.9 kg	
31-40	Tyllanex 80 WG 7.8 – 9.4 kg Simanex 90 WG 6.9 – 8.3 kg	

	Winter rainfall areas	
All clay contents	Tyllanex 80 WG 4.7 – 6.25 kg Simanex 90 WG 4.2 – 5.6 kg	In areas of high rainfall (exceeding 800mm) the higher dosage rate should be used.
	Ash base soils and coal dust areas	
	Tyllanex 80 WG 9.4 kg Simanex 90 WG 8.3 kg And when required followed by:- Tyllanex 80 WG 3.75 kg Simanex 90 WG 3.3 kg	

C. USE OF COMBINATION ALONG KERB SIDES AND VERGES IN URBAN AREAS

A dosage rate of 5.0 kg **TYLLANEX 80 WG** and 4.4 kg **SIMANEX 90 WG** must not be exceeded on streets lined with trees or hedges. Do not treat strips wider than 500mm under trees along the verge line. To prevent possible injury from root uptake, the entire area under the drip line of trees must not be treated.

Weeds growing from rhizomes or rootstocks will not be controlled by this treatment. A suitable herbicide must be used to control these weeds.

SIMANEX 90 WG (Reg. No. L6793) is the registered trade-mark of Makhteshim-Agan, Israel

GLYPHOGAN 360 SL (Reg. No. L5393) is the registered trade-mark of Makhteshim-Agan, Israel

WAARSKUWINGS:

- Giftig indien ingesluk
- Stoor in 'n koel plek weg van voedsel, voer, saad en ander landboumiddels
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid van toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en berginstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Voorkom inaseming van spuitnewel
- Dra 'n veiligheidsbril en handskoene wanneer konsentraat hanteer word.
- Was met seep en water na gebruik asook besoedelde klere.
- Moet nie eet drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermy die wegdryf van die spuitnewel op ander gewasse, weiveld, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik. Uitspoelwater moet nie gewasse, weiveld, riviere en damme besoedel nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

WEERSTANDSWAARSKUWING

TYLLANEX 80 WG is 'n groepkode C1 onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **TYLLANEX 80 WG** of enige ander groepkode C1 onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **TYLLANEX 80 WG** of enige ander groepkode C1 onkruidodder beheer word nie. Om weerstand teen onkruidodder te vertraag:

1. Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidodder groepkodes.
2. Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander onkruidodder groepkodes.
3. Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing en biologies) in onkruidodder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

- Moet **TYLLANEX 80 WG** nie op steenvrugte of pere toedien nie.
- Moet **TYLLANEX 80 WG** nie op appelbome, wingerde en sitrus binne een jaar na uitplant toedien nie. Voorkom die behandeling van jong inplantings in gevestigde wingerde en boorde.
- Moet **TYLLANEX 80 WG** nie toedien op appelbome, wingerde en sitrusbome wat aan 'n spoorelementtekort onderhewig is of op brakgronde groei nie.
- Moet **TYLLANEX 80 WG** nie toedien op alkaliese gronde en/of vlak gronde wat aan versuiping onderhewig is nie.
- **TYLLANEX 80 WG** het 'n relatiewe lang nawerking in die grond en gevoelige gewasse soos groentegewasse, peulplante en wintergraan moet nie geplant word op gronde wat minder as 18 maande vantevore met **TYLLANEX 80 WG** behandel is nie.
- Indien **TYLLANEX 80 WG** in 'n mengsel met **GLYPHOGAN EN SIMANEX 90 WG** of enige ander onkruidododer gebruik word, moet die gebruiksbepelings van sulke middels in ag geneem word.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui

VERENIGBAARHEID:

TYLLANEX 80 WG is verenigbaar met **GLYPHOGAN 360 SL** (Reg. No. L5393) en **SIMANEX 90 WG** (Reg. No. L6793). Die verenigbaarheid van **TYLLANEX 80 WG** met ander produkte kan egter beïnvloed word deur die formulering van die betrokke produkte asook deur die kwaliteit van die vermengingswater. Aangesien die formulering van ander produkte kan verander sonder die medewete van die registrasiehouer en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan verskil kan die registrasiehouer geen verantwoordelikheid aanvaar vir die verenigbaarheid van **TYLLANEX 80 WG** met ander produkte nie. Gevolglik word aanbeveel dat 'n verenigbaarheidstoets uitgevoer word voordat gespuit word.

ONKRUIDE WAT BEHEER WORD:

Die volgende onkruid word normaalweg deur **TYLLANEX 80 WG** beheer teen toedieningshoeveelhede en omgewingstoestande soos hieronder aangedui:

BREëBLAARONKRUIDE:

<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Rooimisbredie
<i>Bidens bipinnata</i>	Spaanse knapsekêrel
<i>Bidens pilosa</i>	Knapsekêrel
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Chenopodium carinatum</i>	Groenhondebossie
<i>Conyza albida</i>	Vaalskraalhans
<i>Galingsoga parviflora</i>	Knopkruid
<i>Gisekia pharnaceoides</i>	Gisekia
<i>Medicago polymorpha</i>	Klitsklawer
<i>Oenothera stricta</i>	Nagblom
<i>Oxalis pes-caprae</i>	Geelsuring
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
<i>Stellaria media</i>	Sterremuur
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos

GRASSOORTE

<i>Bromus catharticus</i>	Reddingsgras
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Lolium temulentum</i>	Drabok (raaigras)

TYLLANEX 80 WG beheer nie gevestigde onkruid of onkruid wat deur ondergrondse vegetatiewe organe soos wortelstokke of risome voortplant nie.

Graad van beheer en lengte van nawerking hang af van onkruispesie, groeitoestande tydens en na bespuiting, reënval en organiese materiaal inhoud van die grond. Swaar reënval of besproeiing op ligte gronde verkort die nawerking van **TYLLANEX 80 WG**.

MENGINSTRUKSIES:

- Maak die spuittenk halfvol met water en skakel die roerder aan.
- Vermeng die benodigde hoeveelheid **TYLLANEX 80 WG** apart in water en voeg deur 'n 50 maas sif in die tenk.
- Vul die tenk verder met water totdat die verlangde volume verkry is.
- Maak seker dat die mengsel aanhoudend deeglik geroer word tydens vulling.
- Wanneer **TYLLANEX 80 WG** in tenkmengsel met GLYPHOGAN gebruik word, moet **TYLLANEX 80 WG** laaste in die spuittenk gevoeg word.
- Maak seker dat die mengsel deeglik geroer word tydens vulling en toediening.

TOEDIENING:

TYLLANEX 80 WG kan met enige medium-of hoë volume spuitapparaat wat korrek gekalibreer is en oor 'n doeltreffende roermeganisme beskik, op 'n fyn, ferm, eweredige saadbed sonder oormatige plantreste, toegedien word. Daar moet toegesien word dat die onkruidodder eweredig oor die teikengebied versprei word. Die beste resultate word normaalweg verkry deur gebruik te maak van platwaaierspuitpunte en 'n spuitvolume van minstens 200 ℓ per hektaar.

TYLLANEX 80 WG word hoofsaaklik deur die wortels van onkruidsaailings opgeneem en dit het min of geen effek op gevestigde onkruid. Waar onkruid reeds opgekom het moet hierdie onkruid eers vernietig word deur 'n skoffelbewerking of deur middel van die toediening van 'n geskikte na-opkom onkruidodder. Waar sodanige onkruid nog relatief klein of slegs in 'n yl stand teenwoordig is kan **TYLLANEX 80 WG** met die na-opkomonkruidodder in 'n tenkmengsel gebruik word (mits dit verenigbaar is) om sodoende toedieningskoste te bespaar. Waar die onkruid alreeds 'n digte stand bereik het, kan dit verhoed dat **TYLLANEX 80 WG** deurdring tot op die grond en moet hierdie onkruid eers met 'n na-opkom onkruidodder gedood word alvorens **TYLLANEX 80 WG** toegedien word.

A. GEWASSE: Appels, Sitrus, Wingerde en Hops

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

GEWAS	TYLLANEX 80 WG (kg/ha)	TOEDIENINGSTYD
Droëlandwingerd en besproeide bosstokwingerd	2.20 kg	Voor bot
Besproeide opleiwingerd	2.20 kg	Vroeë lente
Appels	2.20 kg	Gedurende lente
Sitrus	2.20 kg	Gedurende lente
Hops (jong plantjies)	1.25 kg	Vooropkom van hops en onkruid
Hops (gevestigde)	2.50 kg	Vooropkom van hops en onkruid

Indien slegs stroke bespuit word moet dienooreenkomstig minder **TYLLANEX 80 WG** /ha toegedien word.

Mielies: Na-opkom

TYLLANEX 80 WG kan na opkom op melies en breëblaar en breëblaar onkruid toegedien word as 'n opvolg bespuiting waar ACETOGAN PLUS of ALANEX 480 CS as 'n vooropkom bespuiting toegedien is. Die breëblaaronkruid moet tydens toediening in die 2 – 4 blaar stadium wees. Verseker deeglike benatting van onkruid. Waar moontlike afskerming deur mielieplante kan voorkom, moet van valarms gebruik gemaak word.

Dit word aanbeveel dat TYLLANEX 80 WG in kombinasie met ander onkruidodders soos 2,4-D of MCPA teen verlaagde toedieningshoeveelhede, 250 ml tot ml/ ha toegedien word.

Dien TYLLANEX 80 WG teen 1,25 kg/ ha toe op alle grondtipes.

Wagperodes vir opvolggewasse as die aanbevole dosis nie oorskryf word nie.

1. Mielies en Graansorghun – geen.
2. Aatappels, droë bone, grondbone, kleingraan, sojabone en sonneblom – 9 maande.
3. Alle ander gewasse – 18 maande.

TYLLANEX 80 WG kan gemeng word met SIMANEX 90 WG in appels, sitrus en wingerd om die residuele effek op grasse te verbeter. Moet nie in hops in 'n mengsel met SIMANEX 90 WG gebruik nie. Gebruik 'n toedieningshoeveelheid van 1.7 kg/ha **TYLLANEX 80 WG** plus 1.1 kg/ha SIMANEX 90 WG op gronde met minder as 15% klei en 1.7 kg/ha **TYLLANEX 80 WG** plus 1.7 kg/ha SIMANEX 90 WG op gronde met 'n klei-inhoud van meer as 15%.

B. INDUSTRIËLE GEBRUIK IN KOMBINASIE MET SIMANEX 90 WG

TYLLANEX 80 WG kan in 'n kombinasie met SIMANEX 90 WG en GLYPHOGAN 360 SL op industriële gebiede gebruik word om langdurige onkruidbeheer te verkry.

Die kombinasie van **TYLLANEX 80 WG** en SIMANEX 90 WG moet vooropkom van onkruid op 'n onkruidvrye saadbed toegedien word. As gevestigde onkruid voorkom ten tye van toediening moet 'n geskikte onkruidodder soos byvoorbeeld GLYPHOGAN 360 SL, voor, tydens of na die toediening van die kombinasie toegedien word. Raadpleeg die etiket van die produk wat gebruik gaan word om die toedieningshoeveelheid te bepaal.

Toediening kan deur middel van 'n rugsakspuit, 'n trekker gemonteerde balkspuit of handgewere toegedien word. Die toedieningsapparaat moet korrek gekalibreer wees en in staat wees om die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied te versprei. 'n Minimum van 200 l spuitmengsel per ha moet toegedien word.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE: INDUSTRIËLE EN NIE-LANDBOU GEBIEDE

KLEI %	TOEDIENINGS- HOEVEELHEID (kg/ha)	OPMERKINGS
	Somerreënval gebiede	
5-20	Tyllanex 80 WG 5.0 – 6.25 kg Simanex 90 WG 4.4 – 5.6 kg	In gebiede waar hoë reënval voorkom (meer as 800mm) moet die hoër

21-30	Tyllanex 80 WG 6.25 – 7.8 kg Simanex 90 WG 5.6 – 6.9 kg	toedieningshoeveelheid gebruik word.
31-40	Tyllanex 80 WG 7.8 – 9.4 kg Simanex 90 WG 6.9 – 8.3 kg	
	Winterreënvalgebiede	
Alle klei inhoude	Tyllanex 80 WG 4.7 – 6.25 kg Simanex 90 WG 4.2 – 5.6 kg	In gebiede waar hoë reënval voorkom (meer as 800mm) moet die hoër toedieningshoeveelheid gebruik word.
	Gronde waar as of koolstof teenwoordig is	
	Tyllanex 80 WG 9.4 kg Simanex 90 WG 8.3 kg En indien nodig gevolg deur:- Tyllanex 80 WG 3.75 kg Simanex 90 WG 3.3 kg	

C. GEBRUIK VAN DIE KOMBINASIE OP SYPAADJIES EN RANDE IN BEBOUDE GEBIEDE

‘n Toedieningshoeveelheid van 5.0 kg **TYLLANEX 80 WG** en 4.4 kg **SIMANEX 90 WG** moet nie oorskry word op strate waar lanings bome of heinings voorkom nie. Moet nie ‘n strook wyer as 500 mm vanaf die kant van die randsteen onder bome behandel nie. Om moontlike beskadiging van bome d.m.v wortelopname te verhoed moet die drupsirkel nie in geheel behandel word nie.

Onkruid wat van risome of wortelstokke ontkiem, sal nie deur hierdie kombinasie beheer word nie. ‘n Geskikte onkruidoder moet gebruik word om hierdie tipe onkruid te beheer.

SIMANEX 90 WG (Reg. No. L6793) is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan, Israel

GLYPHOGAN 360 SL (Reg. No. L5393) is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan, Israel